VLEESBAAI DIENSTE NPC

VLEESBAAI NUUSBRIEF / VLEESBAAI NEWSLETTER

September 2018 / **September 2018**

Welkom by die jongste nuusbrief van Vleesbaai Dienste NPC. **It is a newsletter by the people of Vleesbaai for the people of Vleesbaai. Please enjoy the latest news about our special village.**

DESEMBER VAKANSIESEISOEN / DECEMBER HOLIDAY SEASON

Die jaar is amper al weer verby en die volgende Desember vakansie is op hande. Soos gewoonlik verwag ons weer 'n stampvol feestelike seisoen. Ons wil alle Vleesbaai eienaars en hulle families en vriende nie net welkom heet nie, maar ook verseker dat Vleesbaai Dienste se Bedryfspan reeds hard aan die werk is om te verseker dat alle dienste en fasiliteite net die beste sal wees sodat u 'n sorgvrye vakansie kan geniet. Baie families het skoliere en studente wat nog eksamens moet skryf voordat die vakansie aanbreek. Aan almal van julle ons beste wense en mag julle uitslae julle harde werk reflekteer.

In order to ensure that all our visitors enjoy a peaceful and safe holiday, we would like to remind you of the following:

- For many the **sea** is the main attraction at Vleesbaai. Unfortunately, **rip currents** occur from time to time and extra care should be taken to avoid them. Please ensure that your little ones always swim under your close supervision. **Lifeguards** will be on duty for the holiday and you are requested to obey their instructions at all times in order to avoid tragedies.
- Visit the **tidal pool**. Families with younger children will especially enjoy this safe swimming pool with its beautiful lawn. Take umbrellas with and spend a relaxing picnic day at the tidal pool. The trail to the pool is across the wooden bridge at the Hoekie and along the coastline towards Fransmanshoek.
- **Fishing** and **surfing** are not allowed at all the swimming beaches.

- **Parking** close to the beaches are always at a premium during the high season. The only public parking areas are along Main Road and in Hoekbaai. However, the parking facilities along Main Road should not be used for overnight, medium or long term parking. Rather use the parking area in Hoekbaai for this purpose. Home owners are requested to ensure that their guests park only on their own premises or along Main Road for day time parking or in Hoekbaai for longer term parking.
- *Alhoewel Vleesbaai steeds 'n veilige gebied is, is dit ongelukkig so dat **inbrake en diefstal** gedurende somervakansies altyd 'n risiko is. Daarom wil ons alle eienaars en vakansiegangers weereens versoek om te alle tye waaksaam en veiligheidsbewus te wees. Sluit die buitedeure van u woning veral snags en wanneer geen persoon tuis is nie. Moenie duursame artikels oop en bloot laat rondlê nie. Rapporteer asb. alle diefstalle en inbrake, groot of klein, aan Vleesbaai Dienste se Bedryfsbestuurder en die SA Polisie sodat dit opgevolg kan word.*

ALGEMENE JAARVERGADERINGS / ANNUAL GENERAL MEETINGS

Desember maand is ook die tyd wanneer die aandeleblok maatskappye, huiseienaarsverenigings en Vleesbaai Dienste hul algemene jaarvergaderings hou. Belangrike verslae dien en belangrike besluite moet geneem word op hierdie vergaderings. Vleesbaai eienaars word aangemoedig om die vergaderings by te woon want dit is per slot van sake waar u belange gedien word en u die geleentheid kry belangrike insette te lewer. Die vergaderings is soos volg geskeduleer:

Vleesbaai Dienste:

AJV/Direksie	*Dinsdag*	*2018-12-18*	*om 08:30 - Misgunt*
	Woensdag	*2019-01-02*	*om 08:30 - Misgunt*

Entiteite:

Keerom	*Woensdag*	*2018-12-19*	*om 09:00 - Kerksaal*
Karmosyn	*Woensdag*	*2018-12-19*	*om 14:00 - Kerksaal*
Hoekbaai	*Donderdag*	*2018-12-20*	*om 09:00 - Kerksaal*
Kloofsig:	*Donderdag*	*2018-12-20*	*om 14:00 - Kerksaal*
Driehoek	*Vrydag*	*2018-12-21*	*om 09:00 - Kerksaal*
Visbaai:	*Maandag*	*2018-12-24*	*om 08:00 - Kerksaal **(NB: Gewysigde datum)***
VAB:	*Donderdag*	*2018-12-27*	*om 09:00 - Kerksaal*

OUR GARDENS / *ONS TUINE*

The Aesthetics Committee of Vleesbaai Dienste has been initiating the cultivation of new indigenous gardens throughout Vleesbaai for the past few years. Today they all are in full glory, but the garden in the Driehoek ravine is very special and a must-see. The latest addition is right next to the main entrance where the prickly pear bush used to be. Once in full bloom it will make a worthy contribution to a beautiful Vleesbaai entrance.

Inheemse plante: *Met die onlangse droogte in die Wes-Kaap en 'n droogte waaronder die Suid-Kaap self ook gebuk gaan, raak ons opnuut weer bewus van die belangrikheid van water. Met die somer wat vinnig nader, is dit miskien nou die tyd om weer te besin oor die belangrikheid van die regte keuse vir plante in ons tuine. Dit is nou die tyd vir tuiniers om te snoei en om nuwe plante te vestig. Nooi die natuurlewe na jou tuin deur inheemse struike en bome te plant.*

In Vleesbaai was dit vir die laaste vyf jaar 'n doelwit van Vleesbaai Dienste se Estetiese Komitee om soveel as moontlik indringerplante, byvoorbeeld lantana camara en rooipitjie, uit te roei en waar moontlik inheemse tuine te vestig. Nie alleen verdring indringerplante die natuurlike spesies nie, maar hou ook in sommige gevalle 'n ernstige brandgevaar in.

Waarom inheems?

- *Inheemse plante wat veral in ons streek voorkom, is plante wat in droër omstandighede sal oorleef. Die eerste paar jaar is dit nodig om water te gee, maar sodra hulle gevestig is, behoort hulle met die beskikbare reënval klaar te kom.*
- *Hierdie plante is oor die algemeen minder vatbaar vir siektes en plae as uitheemse plante.*
- *Deur die natuurlewe met inheemse plante weer na jou tuin te lok, word die biodiversiteit en bewaring van die plaaslike ekostelsel bevorder.*
- *Nog 'n aspek van inheemse plante wat beklemtoon moet word, is die feit dat hierdie plante stadige groeiers is. In tuine waar hulle oor die algemeen meer water en aandag kry, sal hulle vinniger groei as in hulle natuurlike habitat.*

Why indigenous?

- Indigenous plants that occur mainly in our region are plants that will survive in drier conditions. During the first few years it is necessary to regularly water the plants, but once they have settled, they should be able to cope with the available rainfall.
- These plants are generally less susceptible to diseases and pests than alien plants.
- Using indigenous plants to attract wild life to your garden promotes the biodiversity and conservation of the local ecosystem.
- Another aspect of indigenous plants that needs to be emphasized, is the fact that many of our plants are slow growers. In gardens where they generally get more water and attention, they will grow faster than in their natural habitat.

One of the biggest mistakes we make is to go the nearest plant centre and buy plants that are in flower. The two key factors to bear in mind when choosing plants is the local weather and soil conditions in your garden, and the specific purpose you may have in mind for your plants. When choosing plants, consider whether they will survive the following conditions: coastal salt conditions; prevailing winds; availability (or lack) of rainfall; type and pH of the soil; and drainage of the soil.

Aanbevole bronne oor inheemse plante:

www.plantzafrica.com
Honig, Marijke, 2014. Indigenous Plant Palettes, Quivertree Uitgewers, Kaapstad
Haschick, Allan, 2014. Coastal Gardening in South Africa, Struik, Kaapstad.

Beskikbare tuindienste:

G & A Tuindienste – 071 361 7845
André Muller, Immergroen Besproeiing – 082 820 4509

Ons wil Vleesbaaiers aanmoedig om inheemse plante in tuine te gebruik en heg hierby aan 'n lys van plante wat met groot sukses in Vleesbaai aangeplant kan word.

VLEESBAAI: LYS VAN AANBEVOLE PLANTE / *LIST OF RECOMMENDED PLANTS*

Verskaf deur / supplied by Roland Scholtz - Fransmanshoek Bewarea

Trees/Bome

Scientific Name	English Name	Afrikaans Name
Brachylaena discolor	Silver Oak	Kusvaalbos
Buddleja saligna	False Olive	Witolienhout
Carissa bispinosa	Num-Num	Noem-Noem
Cassine perragua	False Saffron	Bastersaffraan
Celtis africana	White Stinkwood	Witstinkhoud
Cussonia spicata	Common Cabbage Tree	Gewone Kiepersol
Dodonaea viscosa	Sand Olive	Sandolien
Ekebergia capensis	Cape Ash	Essenhout
Euclea racemosa	Caoastal Guarri	Seegwarrie
Harpophyllum caffrum	Wild Plum	Wilde Pruim
Olea exasperata	Dune Olive	Duine-olienhout
Pittosporum viridiflorum	Cheesewood	Kasuur
Portulacaria afra	Spekboom	Spekboom
Pterocelastrus tricuspidatus	Candlewood	Kershout
Rhus crenata	Dune Crow-berry	Duinekraaibessie
Rhus lancea	Karree	Karee
Schotia afra var. afra	Karoo Boer-Bean	Karooborboon
Sideroxylon inerme	White Milkwood	Wit Melkhout
Tarchonanthus camphoratus	Wild Camphor	Wildekanforbos

Shrubs/Struike

Scientific Name	English Name	Afrikaans Name
All *Agathosma spp.*	Boegoe	Boegoe
Aloe arborescens		Kransalwyn
Aloe ferox	Bitter Aloe	Bitteralwyn
Amaryllis belladonna	March Lily	Maartlelie
Brunsvigia orientalis	Candalabra	Kandalaarblom
Bulbine spp.	Kopepha	Katstert
Carissa bispinosa	Num-Num	Noem-Noem
Chrysanthemoides monilifera	Bietou	Bietou
Coleonema album	Confetti Bush	Klipboegoe
Cotyledon orbiculata	Pigs Ear	Plakkie
All *Crassula spp.*		
Dietes grandiflora	Wild Iris	Wilde Iris
Drosanthemum spp.	Vygie Family	Vygie Familie
Eriocephaus africana	Wild Rosemary	Wilde Roosmaryn
Euphorbia mauritanica	Yellow Milkbush	Gif Melkbos
Helichrysum spp.		Kooigoed
Kniphofia uvaria	Red Hot Poker	Vuurpyl
Leonitus leonerus	Wild Dagga	Wilde Dagga
Metalasia muricata	Blombos	Blombos
Ornithogalum thyrsoides	Tjienkerientjee	Tjienkerientjee
Pelargonium spp.	Malva	Malva
Polygala myrtifolia	September Bush	Septemberbossie
Salvia africana-lutea	Wild Sage	Strandsalie
Tecomaria capensis	Cape Honeysuckle	Kaapse kanferfoelie
Watsonia spp.		

Groundcover/Grondbedekker

Scientific Name	English Name	Afrikaans Name
Carpobrotus spp.	Sourfig	Suurvy
Gazania rigens	Strandbotterblom	Gazania

Grasses/Grasse

Scientific Name	English Name	Afrikaans Name
Cynodon dactylon	Couch Grass	Kweek Gras
Stenotaphrum secundatum	Buffallo Grass	Buffelsgras

FINANSIES, BESTUUR / **FINANCES, MANAGEMENT**

- During May 2017 the Mossel Bay Municipality informed the Vleesbaai residents that the rebate on municipal property rates which had been applicable to properties in Vlees Bay will be phased out during the financial years 2017 and 2018. In terms of the Municipal notice, a 45% rebate would be applicable during 2017 and a 25% rebate during 2018. Consequently no rebate on municipal property rates would be applicable from the 2019 financial year onwards. Pursuant to the said notice, representatives of Vleesbaai Dienste held meetings with representatives of the Mossel Bay Municipality with a view to persuade them to retain the rebate, even if in a substantially reduced percentage. Notwithstanding such meetings and the representations made during the meetings, the Municipality refused to reconsider the issue.
- *Tydens die bogemelde vergaderings het die Munisipaliteit wel onderneem om vertoë vanaf Vleesbaai vir die toekenning van Munisipale fondse aan sekere projekte goedgunstiglik te oorweeg. Tans is daar vertoë voor die Munisipaliteit vir die verskaffing van 'n brandweersleepwa deur die Munisipaliteit aan Vleesbaai. Hierdie sleepwa sal toegerus wees met 'n substantiewe kapasiteit watertenk, brandslange en 'n waterpomp.*
- *VD is in die proses om die begroting vir die volgende finansiële jaar af te handel. Binnekort sal die konsep begroting beskikbaar gestel word aan al die direkteure van Vleesbaai Dienste vir bespreking. Elke heffingbetaler op Vleesbaai is geregtig om 'n inset te lewer deur die entiteit van wie sodanige heffing betaler 'n lid is. Elke inset sal verwelkom en oorweeg word. Versoek dus gerus u entiteit om die begroting aan u beskikbaar te stel, sodra dit ontvang word vanaf die finansiële bestuurder van Vleesbaai Dienste.*
- *Na gesprekke tussen verteenwoordigers van Vleesbaai Dienste en die voorsitter van Munisipale Wyk 7, waaronder Vleesbaai val, is daar ingestem dat die bestuurskomitee van Wyk 7 'n verteenwoordiger van Vleesbaai sal koöpteer op die komitee. Dusdoende sal Vleesbaai direkte inspraak hê in die bestuur van Wyk 7 en veral ten opsigte van die gebruik en toekenning van munisipale fondse vir Wyk 7.*
- *Na 'n ondersoek van die elektrisiteit verbruik op Vleesbaai en die verbruikskemas van Eskom, is daar besluit om 'n nuwe kragvoorsieningskontrak met Eskom te sluit in terme waarvan Vleesbaai oorgeskakel word vanaf die "Night Save Rural" na die "Ruraflex" skema. Sodanige oorskakeling het 'n besparing van ongeveer R300 000 meegebring tydens die eerste ses maande na die oorskakeling. Sodanige besparing word aangewend deur Vleesbaai in die instandhouding en opgradering van die elektrisiteits infrastruktuur op Vleesbaai. In hierdie verband meld ons dat ons onlangs 'n elektriese substasie moes vervang ten 'n koste van meer as R500 000.*
- *Die direksie van Vleesbaai Dienste poog om Vleesbaai Dienste op 'n deursigtige, gesonde kommersiële en korporatiewe basis te bestuur, onderhewig aan die feit dat Vleesbaai Dienste nie ingestel is op winsbejag nie, maar om 'n diens te lewer aan alle heffingbetalers op Vleesbaai. Daarom word alle insette in die bestuur van Vleesbaai Dienste aangemoedig en verwelkom. Per slot van sake is Vleesbaai Dienste nie 'n derde party in Vleesbaai nie, maar bestaan dit uit Vleesbaaiers vir Vleesbaaiers.*

VLEESBAAI DIENSTE SAKE / M**ATTERS REGARDING VLEESBAAI DIENSTE**

*Die **Dagbestuur** van Vleesbaai Dienste herinner eienaars en inwoners aan die volgende ter wille van goeie orde:*

- The **Financial Manager** is Mr Philip Fourie and he can be contacted at 044 699 1242 (work), 086 511 6993 (fax) or vleesbaai@iafrica.com. Mr Callie Möller is the **Operations Manager**. His contact details are 044 699 1242 (work), 082 569 6007 (cell), 086 545 4935 (fax) and vleesbedryf@iafrica.com.
- *Vleesbaai eienaars wat nie permanente inwoners is nie, gebruik dikwels vakansietye om die nodige **instandhoudings- en selfs konstruksiewerk** aan hulle eiendomme te doen. Hou asb. die volgende in gedagte:*
  - *Die arbeiders wat u of u kontrakteur mag gebruik, sal slegs met bewys van identiteit ('n identiteitsboek, identiteitskaart, paspoort of bestuurderslisensie) tot Vleesbaai toegelaat word. Sodanige arbeiders moet aan die einde van die werkdag weer uitgeneem word.*

- *Instandhouding en boubedrywighede word slegs op die volgende dae/tye toegelaat: Weeksdae (Maandag tot Vrydag) - 07:00 tot 19:00 en Saterdae - 07:00 tot 14:00. Geen bouaktiwiteite word op Sondae en openbare vakansiedae toegelaat nie.*

- **Work on contract:** Home owners may contact the Mr Callie Möller during the year for minor or urgent repairs/work at your premises, except during the holiday months of December and January. You will be billed separately for this. Unfortunately this service is not available to home owners who have not signed the Vleesbaai Dienste NPC Supply of Utilities Agreement.

- **REFUSE / VULLIS:** Disposing of waste in an environmentally responsible manner is becoming a major problem in the Mossel Bay area because the landfill area next to Petro SA is closing down. During a recent Eden District Recycling Roadshow it was stated that 95% of South Africans do not recycle, partly because we do not have punitive mandatory legislation in place for separation of recyclables at homes. However, Vleesbaai residents have proven themselves more responsible in this regard. We therefore again urge all residents and visitors to "REDUCE, REUSE and RECYCLE" and to apply the following guidelines in disposing of the following three categories of refuse that Vleesbaai Dienste provides for:

  - **Garden refuse:** Vleesbaai Dienste has an agreement with Mr Riekie van Rensburg for dumping garden refuse (organic/plant material) only at his farm Misgunt. Building rubble and/or plastic material should not be dumped there under any circumstances. Failing to comply with this can jeopardise the agreement to the detriment of eveybody else who needs to dump garden refuse.

  - ***Herwinbare vullis:*** *Dit sluit in items van papier, karton, glas, plastiek, aluminium en polistireen. Spoel asb. alle vloeistofhouers uit voordat dit saam met ander herwinbare items in blousakke wat by die VD kantoor verkrygbaar is, verpak word. Die blou sakke kan dan in die hok vir herwinbare vullis by die Vleesbaai Dienste kantoor geplaas word en moet asb. nie op die straat gelos word nie.*

  - ***Huishoudelike vullis:*** *'n Kontrakteur verwyder op Maandagoggende en gedurende Desember en Januarie ook op Donderdagoggende huishoudelike vullis in u eie swart sakke. Buite hierdie tye kan die die swartsakke in die hok vir huishoudelike vullis by die VD Kantoor geplaas word. Moet dit asb. nie op die straat los wanneer u vertrek nie.*

Vleesbaai groete/ *Kind regards*

Carl Serfontein
VD Sekretaris / *VD Secretary*
073 620 4155
carl.serfontein@vodamail.co.za

VLEESBAAI
VLEESBAAI DIENSTE NPC
Reg. No. 1982/009677/08